Herald Sport

# Heilbron verslaan Rust Ter Vaal

Heilbron het die loot verloor en eerste veldwerk gedoen waar hulle die besoekers uitgehaal het vir 133 lopies in 27 boulbeurte. Heilbron het die telling baie vinnig bereik waar Heilbron 135-1 gekry het in 19.2 boulbeurte. Heilbron wen met 9 paaltjies. Die boulstatistieke is as volg: Theuns Botha met 6 boulbeurte, 6 paaltjies en 16 lopies afgestaan. Lourens Willers met 5 boulbeurte, 3 paaltjies en 18 lopies afgestaan. Die kolfstatistieke staan as volg: Ifran met 93 lopies nie uit nie en Pieter Baan met 20. Heilbron speel Saterdag hulle laaste 35 boulbeurt wedstryd teen Sharpville in Vereeniging op Roshnee se velde om 13:00.



*Op die foto is: Ifran Arshad, Lourens Willers, Pieter Baan, Peet Saayman, Wikus van Wyk, Asif Ali, Oneeb Muhammad, Norosh en Theuns Botha.*

# HBA Mug en vleispryse môre

Die maand van Februarie is op sy rug en goeie nuus is dat Maart vol verrassings is. Môre word die HBA Monthly Mug aangebied en oor twee weke op 16 Maart is dit Kopanang van Heilbron se beurt om 'n dag te hou. Die dubbels putjiespel is ook in aanvang en volgens lede se reaksie op sosiale media gaan hierdie 'n redelike intimiderende kompetisie wees. Die appèl van die baangradering sal ook in Maart bekend gemaak word, maar die kanse lyk skraal dat die baan afgegradeer sal word. Ledegelde was teen einde Februarie betaalbaar. Daar is nog 'n grasietyd van sewe dae en onbetaalde lede sal dan op die stelsel geblok word. Die klubkampioenskappe gaan op 23 Maart aangebied word en Star Slaghuis sal die dag se pryse borg. Daar was 'n groepie spelers verlede Saterdag op Frankfort, maar buiten vir die gelukstrekking het die manne nie met veel teruggekom nie. Die inskrywing vir mug môre is vanaf 12:00 vir afslaan 12:30.

**Spertyd vir bydraes en advertensies vir die koerant is WOENSDAG om 10:00. Indien u enige nuus het, skakel asseblief vir Jolandri by 079 846 1075.**





Langmarkstraat 62 Riemlander Trading Post
Venue: Heilbron (Luha)
Date: 1 Maart 2019 Time: 08:00 - 15:00
Proud Partners WAHL Globeflight newsclip
Show your support for a cancer survivor
CANSA Research • Educate • Support
Toll-free 0800 22 66 22 | www.shavathon.org.za



**BKB Louwid NOORD**
**Die komende week se BELANGRIKSTE veilings**

**MAANDAG - 4 MAART 2019**
BULTFONTEIN 2- Weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

**DINSDAG - 5 MAART 2019**
VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Jan-Hendrik Muller 072 512 2617

KLERKSDORP Weeklikse veiling.
Kontak Fanie Nel 083 325 3066

WESSELSBRON : BISMARCK BOERDERY
ALGEHELE UITVERKOPING
10 plase (totale grootte: 3876 ha), distrik Wesselbron
Plase word as 'n eenheid of individueel verkoop
Losbates
11:00, Wesselsbron Gholfklub
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

**WOENSDAG - 6 MAART 2019**
POTCHEFSTROOM : EBARJONIER SAVM STOET
2de JONGRAM PRODUKSIEVEILING
130 Uitstekende SAVM skape
11:00, BKB veilingskrale, Potchefstroom
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049

**DONDERDAG - 7 MAART 2019**
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Gert Burger 082 822 1952

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Piet Wessels 082 857 7827

SMITHFIELD : BISMARCK BOERDERY
ALGEHELE UITVERKOPING
13 plase (totale grootte: 6301 ha), distrik Smithfield
Plase word as 'n eenheid of individueel verkoop
Losbates
11:00, Smithfield Gholfklub
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

**VRYDAG - 8 MAART 2019**
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Erik Heymans 083 264 5177

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049

FRANKFORT : EDDIE PRINSLOO
1ste PRODUKSIEVEILING - HEUNINGKRANS MERINO'S
40 Horing en poenskop
stoet en kudde ramme (2-tand)
11:00, Skurwekop BV saal, Frankfort
Kontak Danie de Wet 082 772 4537

www.bkb.co.za
BKB Louwid NOORD 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkblouwid.co.za